



1. Die kampterrein is 'n natuur en voëlpark- kom ons hou dit so en beskerm dit!
2. Reg van toegang word voorbehou.
3. Musiek in die kamp moet nie steurend wees nie. Vanaf 22h00 tot 08h00 is elektroniese musiek stilte. Reëlings kan getref word vir funksies indien dit verlang word.
4. Oormatige voertuig lawaai word nie in die kampterrein toegelaat nie. (95db at 1m)
5. Geen vuurwapens mag in die kamp afgevuur word nie.
6. Geen vuurwerke of klappers word in die kamp of gymkhana toegelaat nie.
7. Geen rommel mag gestrooi word nie. Daar word nie asblikke voorsien vir rommel nie, wat jy inbring neem jy saam huis toe. Hou ons kamp netjies en skoon.
8. Geen honde, groot of klein, word toegelaat nie.
9. Geen motorfietse/knortjorre 2, 3 of 4 wiel (Brandstof aangedrewe) word toegelaat nie. Slegs motorfietse wat as enigste vervoermiddel vir 'n besoeker dien, mag tussen die hoofhek en staanplek gery word, die res moet op 'n voertuig gelaai wees of gestoot word. Die komitee mag genader word en toestemming verleen vir uitsondering ten opsigte van georganiseerde beurtensisse / uitstappies.
10. Daar mag nie met brandstof aangedrewe speelgoed in die kamp gespeel word nie.
11. Geen vuurmaak hout mag in die kamp of omgewing opgetel word nie. Daar is hout beskikbaar by die kamp-opsigter by die hek teen baie billike pryse.
12. Die swembad tye sal deur die kamp-opsigter bepaal en geïmplementeer word.
13. Die glybaan is alleenlik vir die gebruik van kinders onder 12 jaar. Daar mag nie op die wateryglybaan geloop word nie. Die waterpomp moet in werking wees voordat daar afgegly word. Dit is die Lid/ouers se verantwoordelikheid dat kinders by die glybaan reëls hou.
14. Geen glas bottels of glase sal in swembad-area toegelaat word nie.



15. Fauna en Flora mag nie versteur/beskadig word nie.(Bome mag nie afgekap of afgesaag sonder die toestemming van die kommittee of kampopsigter nie.)
16. Moet nie water mors nie. Daar mag onder geen omstandighede met enige watertoerusting (o.a. pype, pompe, krane ens.) gepeuter word nie.
17. Moet nie met enige toerusting in die kamp peuter nie. Nie werkende toestelle moet in die voorvalle boek by die hoofhek aangeteken word.
18. Geen persoon mag grasperke natlei met kraanwater nie.
19. Moet nie oor enige grasperke ry nie. Bly op die bestaande paaie.
20. Hou die ablusiegeriewe skoon en netjies. (Almal wil graag die skoonste moontlike geriewe gebruik).
21. Spoed beperking in die kamp is 10km/uur. Bestuurders moet in besit wees van 'n geldige bestuurders lisensie.
22. Klublede is verantwoordelik vir hul gaste se optrede en gedrag.
23. Geen persone mag op 'n ontwikkelde staanplek kamp sonder die nodige toestemming nie.
24. Alle ouers is verantwoordelik vir hul eie kinders se gedrag, optrede en veiligheid.
25. Elke persoon wat die kamp binnegaan, moet met aankoms by die kontrolehek aanmeld en die nodige kostes (indien enige) vereffen.
26. Enige persoon wat die terrein betree doen dit op sy/haar eie risiko en die 4x4 ATV Klub en sy lede is gevrywaar van enige skade wat die besoeker mag ly, of skade van enige aard wat die besoeker of Lid mag ly, of dit 'n fisiese besering is wat lei tot dood of nie, of weens skade wat gely is as gevolg van brand, diefstal, of nalatigheid en 'n ontwerp van enige ander persoon of enige diere in die kampplek nie.
27. n Kampkommandant moet aangestel word per kampplek en aan die komitee deur gegee word. Die lid staan vir 'n maksimum termyn van drie jaar.